PNHS

HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

Geagte graad 7 ouer

INSKRYWINGS VIR GRAAD 8 IN 2021

Neem asseblief kennis dat die Gauteng Departement van Onderwys aangekondig het dat die aanlyn aansoek proses slegs 1 maand sal wees, dit is vanaf 25 Junie 2020 – 25 Julie 2020.

Sedert 2017 word slegs aanlynaansoeke aanvaar. U kan vanaf 25 Junie 2020 aansoek doen by www.gdeadmissions.gov.za en u sal 'n toelatingsnommer ontvang. Leerders word streng volgens die volgorde van hierdie toelatingsnommers geplaas. Die wyse van inhandiging van dokumentasie by skole na die aanlynaansoek gedoen is, sal nog met u gekommunikeer word gegewe die COVID 19 regulasies. Hou asb ons webtuiste en Facebook profiel dop vir nuwe inligting.

Neem asseblief kennis dat H/S Pretoria-Noord oor die afgelope paar jaar 'n geweldige toename in die aanvraag na plek by die skool beleef. Verlede jaar was die skool reeds vol teen 10h00 die oggend wat inskrywings geopen het. Die skool het hierdie jaar sy kapasiteit bereik met oor 'n duisend leerders en der halwe sal ons vir 2021 slegs **200** graad 8 leerders kan aanvaar. Ons wil u daarom sterk aanbeveel om so vinnig as moontlik aansoek te doen om u plek te verseker indien H/S Pretoria-Noord u skool van keuse is.

Maak seker dat u die volgende dokumentasie saam met u inskrywingsvorms inhandig:

- Geboortesertifikaat van leerder
- Bewys van u fisiese woonadres (water en ligterekening)
- Laaste laerskoolrapport van u kind
- Afskrifte van ouers/voogde se ID-dokumente

Enige verdere navrae kan gerig word by 012 546 6950 of by administrasie@pnhs.co.za .
Baie sterkte met die inskrywingsproses.

Vriendelike groete

Mnr. CJC Driescher
Hoof: H/S Pretoria-Noord